

Wat is 'n invoerder?

Enige persoon (plaaslik of buitelandse) wat goedere na Suid-Afrika wil invoer, moet as invoerder registreer, insluitend vir die invoer van aaneenlopende transmissie kommoditeite (CTC).

Enige buitelandse invoerder (bv. individuele of regs persoon) wat goedere na Suid-Afrika wil invoer, moet as invoerder registreer en 'n geregistreerde agent in Suid-Afrika aanstel, voordat sodanige buitelandse invoerder geregistreer sal word vir die invoer van goedere na Suid-Afrika.

Sodanige aangestelde 'geregistreerde agent' moet volle aanspreeklikheid aanvaar vir die handeling van 'n buitelandse prinsipaal ten opsigte van enige bedryfsaktiwiteit met Doeane. Om inligting te sien oor hoe invoer werk, [klik hier](#).

Indien die aansoeker 'n buitelandse entiteit is:

- Moet hy/sy 'n geregistreerde agent aanstel deur 'n DA185D;
- En nie deur 'n geregistreerde agent in Suid-Afrika verteenwoordig word nie, moet die aansoek oorweeg word, maar opgeskort word totdat 'n goedgekeurde geregistreerde agent deur die buitelandse entiteit aangestel is; en
- Wat 'n regs entiteit is, moet 'n gesertifiseerde kopie van die stigtingsdokument of enige sertifikaat uitgereik ingevolge die wette van die land, waar die buitelandse gelisensieerde of regs persoon ingelyf, geregistreer of erken is, wat sodanige inlywing sertifiseer, saam met die aansoek ingedien word.

Buitelandse entiteite wat vrag klaar vir internasionale transito deur Suid-Afrika, word nie vereis om by Doeane te registreer nie.

Geen waarborg word vereis met registrasie nie. Hoewel, Doeane het die reg om 'n waarborg in te stel, gebaseer op die risikostatus van die aansoeker.

'n Geregistreerde agent wat deur 'n buitelandse prinsipaal aangestel is, moet volle aanspreeklikheid aanvaar vir die handeling van 'n buitelandse prinsipaal ten opsigte van enige bedryfsaktiwiteite met Doeane.

Geregistreerde invoerders moet ook as 'n EDI-gebruiker registreer indien hy/sy sy/haar eie doeane-klaringsverklarings by Doeane gaan indien. Indien hy/sy van 'n gelisensieerde doeane-klaringsagent of geregistreerde agent gebruik maak, hoef die invoerder of uitvoerder nie as EDI-gebruiker te registreer nie.

Wat is die proses om as invoerder te registreer?

Die voornemende invoerder moet vorms DA185.4A1 en DA185 voltooi en dit aan die toepaslike doeane-kantore stuur waar 'n doeane en aksyns-kode aan die kliënt toegeken sal word.

Dokumente wat die aansoek moet vergesel is:

- Bewys van adres, soos jou munisipale water en elektrisiteitsrekening;
- Gesertifiseerde kopie van jou identiteitsdokument.

Vanaf die Registrateur van Maatskappye - 'n gesertifiseerde kopie van een van die volgende:

- Beslote korporasie-registrasie;
- Maatskappy-registrasie.

Gesertifiseerde kopieë van die volgende dokumente:

- [BTW-](#), [inkomstebelasting-](#), [werknemersbelasting- \(LBS\)](#), [vaardigheidontwikkelingsheffing- \(VOH\)](#), [WVF-briewe](#) van SARS om besonderhede van inkomste-registrasie te bevestig;
- Resolusie/toestemming of enige ander gesag, soos van toepassing.
- Telkom en/of selfoonrekening, nie ouer as drie maande nie, om kontakbesonderhede te bevestig;

Een van die volgende om bankbesonderhede te bevestig:

- 'n Gekanselleerde tjek;
- 'n Leesbare gesertifiseerde kopie of oorspronklike bankstaat wat die rekeninghouer se naam bevestig.

Rekeningnommer en takkode;

- 'n Oorspronklike brief van die bank op 'n briefhoof; of
- 'n Oorspronklike outobankstaat.

Jy moet ouer as 21 jaar wees en 'n permanente adres in die RSA hê.

Indien jou aansoek vir lisensiëring van 'n pakhuis, klaringsagent of verwyderaar van goedere is, is die volgende van toepassing:

- Fooie toepaslik vir aansoek; en
- Waar 'n pakhuis betrokke is, 'n plan van die voorgename pakhuis.

Hoe om as plaaslike invoerder te registreer

- Voltooi die vereiste aansoekvorms en toepaslike bylae:
 - [DA185 - Application form: Registration/Licensing of Customs and Excise Clients](#)
 - [DA 185.4A1 - Registration Client Type 4A1- Importer](#)
- Stuur alle vorms en stawende dokumente aan die naaste [Doeane en/of Aksynskantoor](#).
- Betaal die fooi indien toepaslik.

Hoe om as buitelandse invoerder te registreer?

Buitelandse invoerders/uitvoerders en verwyderaars van pakhuisvrag met padvervoer, genoem 'buitelandse prinsipale', word vereis om te registreer of lisensieer, soos toepaslik, direk met SARS as 'n 'buitelandse prinsipaal'. Tegelykertyd, moet hulle 'n 'geregistreeerde agent' nomineer wat in Suid-Afrika geleë is. Buitelandse invoerders en uitvoerders moet deur 'n Suid-Afrikaanse 'geregistreeerde agent', wat volle aanspreeklikheid aanvaar vir die dade van 'n buitelandse prinsipaal in verband met enige besigheidsaktiwiteite met Doeane, verteenwoordig wees. Wanneer SA-gebaseerde geregistreeerde agente genader word, moet hulle dokumente toon wat hul identiteit verifieer asook toepaslike handelsdokumente.

Watter vorms en dokumente word vereis vir registrasie as 'n buitelandse invoerder?

- [DA 185 - Application form: Registration/Licensing of Customs and Excise Clients](#)
- [DA 185.4A1 - Registration Client Type 4A1 - Importer](#)
- [DA185D - Nomination of Agent](#)

Waar is die invoerder-registrasievorms beskikbaar?

Aansoekvorms is hieronder beskikbaar of by enige Doeane-kantoor.

Waar moet die vorms ingedien word?

Aansoekvorms moet by die naaste [Doeane-kantoor](#) ingedien word.